


**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2016

# RELIGIESTUDIES V2
# MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 **Inspirasie**

- Dit verwys na die asemhaling (mag, kennis) van 'n buitengewone wese of mag, byvoorbeeld, 'n godheid wat 'n mens oorneem en hom/haar met goddelike kennis inspireer.
- Die meeste godsdienste het stigtersfigure wat deur 'n hoër mag of wysheid geïnspireer is.
- Die inspirasie van die figure word deur hulle volgelinge as direk en onmiddellik aanvaar. Daar word geglo dat hulle van aangesig tot aangesig met God was.
- Sodanige inspirasie mag outoriteit het.
- Hierdie mense verkry dan sekondere inspirasie vanaf die oorspronklike, primere inspirasie.
- In meeste gelowe is daar figure, met volgelinge, wie geglo word dat hulle deur hoër kragte en wysheid geïnspireer was. (10)

1.1.2 **Mondelinge tradisie**

- In baie godsdienste is die oorspronklike inspirasie dikwels eers deur mondelinge tradisie versprei.
- So 'n mondelinge tradisie kon vir honderde of selfs duisende jare getrou mondelings oorgedra word.
- Mondelinge tradisie as 'n normatiewe bron is primêr belangrik in godsdienstige geskiedenis.
- Die oorspronklike boodskap is mondelings oorgedra van persoon tot persoon en van generasie tot generasie.
- Byvoorbeeld die Nuwe Testament, die tweede deel van die Bybel, gee besonderhede van Jesus se lewe en leringe.
- Dit is van wat Jesus se apostels onthou het van hulle kontak met Jesus, met ander woorde mondelinge tradisie is later in geskrewe vorm opgeteken.

[ENIGE RELEVANTE FEITE MOET GEKREDITEER WORD] (10)

1.1.3 **Heilige boek/geskrifte**

- Skryfwerk het die godsdienstige toneel ongeveer 4000 jaar gelede betree.
- Sedertdien het dit al hoe belangriker rol beklee.
- Die verskil tussen mondeling en geskrewe is nie net die medium nie, tradisie het meer gevestig geword as gevolg van geskrifte.
- Mondelinge tradisie wat parallel met geskrewe tradisies kan loop, kan baie vloeibaar wees, maar as dit eers neergeskryf is, raak dit gewoonlik gevestig.
- In Boek-godsdienste (Judaïsme, Christenskap en Islam), speel heilige geskrifte 'n sleutel rol in leringe.
- In Indiese en Verre Oosterse godsdienste, ten spyte van geskrewe tradisie, plaas hulle minder klem op die boek kwaliteit van hulle tradisies.
- Heilige geskrifte bestaan nie bloot as individuele geskrifte nie, maar as deel van groter versamelings.
- Selfs in ATR is daar pogings om van die basiese oortuiginge van die godsdiens neer te skryf. (10)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.2 **Gee 'n kort oorsig van die heilige geskrifte van die Christelike geloof.**

- Ten spyte van die verskille in religieuse verband openbaar Christendom dieselfde patroon in die ontvouing van die geskrewe tradisie soos Judaïsme.
- Christendom aanvaar die Hebreeuse tradisie en hervertaal volgens hul eie religieuse perspektief.
- 'n Versameling van hul eie kollektiewe onderwerp (tekste) wat as geestelike openbaring aanvaar word.
- Na die dood van Jesus, was goeie nuus aangaande sy karakter en sy boodskap mondelings oorgedra.
- Ongeveer twee dekades na sy dood, was 'n groot aantal evangelie neergeskryf en versprei.
- Die uitbranding van die Christelike kanonieke (Bybel) boeke was 'n baie lang proses wat teen die einde van die 4de eeu gefinaliseer was.
- Die eerste apostels was gesien as 'n borg van die ware religie.
- Die Kerk leierskap en teologiese geleerdes in verskillende denominasies het 'n sterk verklaring geproduseer reg deur die geskiedenis van Christendom.
- Christendom het ook sy stel afgekeurde/verwerpte lae orde kanoniek/kerklike boeke. (20)

**[50]**

**VRAAG 2**

Noem en bespreek EEN sosiale probleem wat in jou gemeenskap aangetref word onder die volgende opskrifte:

[Vir hierdie memorandumdoeleindes word MIV/Vigs bespreek.]

2.1 **'n Kort relevante inleiding**

- Een van die dreigende kwessies in Suid-Afrika vandag is MIV/Vigs pandemie wat soveel Suid-Afrikaners se lewens eis.
- In Mei 2003, Het religieuse gemeenskappe en organisasies bymekaar gekom om die probleem van MIV/Vigs by die eerste konferensie in die gemeenskap aan te spreek.
- MIV/Vigs moet met sensitiwiteit wat dit verdien behandel word.
- Dit het 'n uitroep na liefde en medelye. (6)

2.2 **Die oorsaak van die sosiale probleem**

- MIV/Vigs is nog steeds een van die euwels van die gemeenskap
- Onbeskermde seks
- Om Rond te slaap
- Veelvoudige maats of vennoot
- Verkragting
- Om te glo dat 'n maagd MIV/Vigs kan genees
- Oorbevolkte tronke

[ENIGE RELEVANTE FEIT MOET GEKREDITEER WORD] (12)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.3 **Faktore wat bydrae tot die verspreiding daarvan**

- Borsvoeding
- Veelvoudige maats/Vennoot
- Naalde en skêre wat saam gebruik word
- Onbeskermde seks
- In sommige gevalle kan dit deur motor ongelukke versprei word

[ENIGE RELEVANTE FEIT MOET GEKREDITEER WORD] (10)

2.4 **Illustreer oplossings tot die sosiale probleem gekies of geïdentifiseer**.

- Geen seks voor die huwelik nie.
- Monogamie word aangemoedig.
- Getrouheid aan een maat/vennoot word aangemoedig.
- Egbreuk word afgekeur.
- Dit baan die weg oop vir alle onheil.

[ENIGE RELEVANTE ANTWOORD MOET GEKREDITEER WORD] (10)

2.5 **Praktiese stappe of strategieë om dit aan te spreek**.

- Liefde, medelyde, verantwoordelikheid en geen negatiewe beoordeling teenoor mense wat met MIV/Vigs leef.
- Opvoeding en openlikheid rondom seks en seksualiteit.
- Geen veroordeel van diskriminasie teenoor mense wat met MIV/Vigs leef nie.
- Erkenning van eenheid in diversiteit.
- Moedig ope besprekings en dialoog rondom sensitiewe kwessies aan.
- Religieuse leiers van alle gemeenskappe moet hul volgelinge opvoed rondom die MIV/Vigs pandemie sodat mense wat in die gemeenskap met MIV/Vigs leef nie gediskrimineer word nie.
- Religieuse leiers moet druk op die regering plaas om toegang tot MIV/Vigs behandeling beskikbaar te stel aan diegene wat deur MIV/Vigs geaffekteer word.

[ENIGE RELEVANTE FEIT MOET GEKREDITEER WORD] (12)
**[50]**

**VRAAG 3**

Bespreek die sentrale leerbeginsels van enige EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

SENTRALE LERINGE:
[Vir die doeleindes van hierdie Memorandum word die Christelike geloof bespreek]

3.1 **Aard van goddelikheid**

- Christene glo in die bestaan van 'n Hoër en Goddelike Wese as God.
- God onthul Homself as drie persone:
  - God die Vader
  - God die Seun en
  - God die Heilige Gees
- Chritindom is, soos Judaïsme en Islam, n monoteïstiese geloof wat glo in die bestaan van een God.
  - God die Vader het sy seun, Jesus, na die wêreld gestuur.
  - Na sy opvaring in die hemel, het die seun die Heilige Gees gestuur.

[ENIGE RELEVANTE ANTWOORD MOET GEKREDITEER WORD] (10)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.2 **Aard van die wêreld**

- Volgens die Christelike godsdiens was daar niks in die begin behalwe chaos nie.
- Die boek van Genesis vertel dat God die Wêreld en die heelal in ses dae geskep het en op die sewende dag gerus het.
- Die wêreld wat perfek nadat die heilige Drie- eenheid klaar was met die skepping.
- Mense, seelewe, diere en plante behoort alles aan God.
- Volgens die Christelike oortuigings is die wêreld onderhewig aan die bestuur van die mensdom. (10)

3.3 **Plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld**

- Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is.
- Nadat Adam en Eva geskep is, het God hulle opdrag geneem na die tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
- As medeskeppers saam met God, is mense God se verteenwoordigers op aarde.
- God het hulle aangestel om sy eiendom, die wêreld, om te sien.
- Hulle is verantwoordbaar aan God. (10)

3.4 **Aard van lewe na die dood**

- Christene glo dat mense geskep is om onsterflik te wees.
- Adam en Eva het God se opdrag verontagsaam.
- Die straf vir hierdie sonde was die dood vir die mensdom.
- Selfs na hierdie straf, het God steeds probeer om die mensdom van die bose en die dood te bevry.
- Christene verwag 'n nuwe gemeenskap na die dood wat gekenmerk sal word deur liefde, mededeelsaamheid en omgee. (10)

3.5 **Oorsprong van die bose**

- Volgens die christelike godsdiens het God nie die bose geskep toe hy die wêreld geskape het nie.
- Hy het 'n perfekte wêreld en perfekte mense geskep.
- Die bose is later ingestel toe Adam en Eva God se opdragte verontagsaam het.
- Christene noem hierdie tipe ongehoorsaamheid 'SONDE'.
- Christene glo dat die bose deur Satan gebruik word wat eens God se engel was, maar teen God gerebelleer het. (10)

**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4**

INTERNE VERSKILLE:

[Vir die doel van die memorandum word Islam geloof en Christindom bespreek]

4.1 **Islam:**

- Na die dood van profeet Muhammed het een groep Moslems die profeet se intieme vriend Abu Bakr as die volgende leier verkies.
- Die groep wat Abu Bakr ondersteun het, het as die Sunni bekend geword.
- ŉ Ander groep het geglo dat die leierskap van die Moslemgemeenskap in die profeet se familie behoort te bly.
- Hulle het geglo dat Ali (die neef en skoonseun van Muhammed) goddelik reg op die posisie gehad het.
- Hierdie groep Moslems het as Shi'ah bekend geword.

**Christendom:**

- Die Christelike religie bestaan uit drie hoofafdelings:
  - Katolieke
  - Oosters-Ortodoks
  - Protestants
- Die Katolieke kerk maak daarop aanspraak dat dit die oorspronklike Christelike kerk is wat deur Jesus Christus gestig is, gebou op die gesag van Petrus.
  - Hulle leer dat God uit drie onderskeie maar gelyke persone bestaan:
  - >Vader
  - >Seun
  - >Heilige Gees
- Die Oosters-Ortodokse Kerk maak daarop aanspraak dat dit ŉ voort-setting is van die oorspronklike kerk wat deur Jesus Christus gestig is.
  - Die rede vir die verdeling tussen die Oosterse en Westerse kerke was polities en leerstellig.
  - Die Westerse kerk het geleer dat die Heilige Gees van die Vader en die Seun uitgaan. Die Oosters (Ortodokse) kerk het nie daarmee saamgestem nie.
  - Oosters-Ortodokse kerke verskil van die Katolisisme daarin dat daar nie ŉ enkele leier is nie
  - In die Ooosters-Ortodokse kerke rus die gesag in die hande van ŉ groep biskoppe.
- Protestante het nie aanvaar dat verlossing iets is wat verdien moet word nie.
- Dus ŉ vrye genadegawe van God. (20)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.2 **Die verhouding tussen godsdiens en wetenskap.**

- Wetenskaplike ontwikkelinge het ons wêreld op vele wyses verander.
- Op ŉ dieper vlak het wetenskap die manier waarop mense na die wêreld kyk, uitgedaag.
- Hoe ons die wêreld bejeën en selfs ander mense en lewende wesens beskou.
- Meer belangrik is dat wetenskap die fondasie van tradisionele godsdienste uitgedaag het.
- Die verskille tussen godsdiens en wetenskap het in die laaste vier eeue na vore gekom.

[ENIGE RELEVANTE ANTWOORD MOET GEKREDITEER WORD] (10)

4.3 **Die impak wat Darwin se evolusieteorie op die Christelike godsdiens gehad het**.

- Spesies bevat ŉ groot verskeidenheid klein verskille.
- Beide die wêreld en spesies verander met tyd.
- In die stryd om oorlewing sal die beter aangepaste variasies oorleef, terwyl die wat nie aangepas is nie, sal sukkel om te oorleef.
- Op hierdie manier kan ŉ spesie geleidelik verander en meer kompleks raak – deur volgens ŉ pad van suksesvolle variasies ontwikkel.
- Volgens die kreasioniste is daar geen twyfel dat God die heelal as deel van sy meesterplan vir die mensdom geskep het nie.
- Genesis beskryf hoe God die wêreld in sewe dae geskep het.
- God het Adam en Eva geskep, dus lyk dit asof daar nie ŉ plek vir die evolusieteorie in die skepping is nie.
- Darwin se werk is as kontroversieel gesien deur die kerk.
- Darwin se idee is as volg gekritiseer:
- Daar was geen bewyse in menslike geskiedenis vir die ontwikkeling van nuwe spesies nie.
- Daar was geen bewys dat een spesie uit ŉ ander ontwikkel het nie.
- Die poging om nuwe spesies te skep deur kruisteling is dikwels onsuksesvol omdat kruisings nie geteel kan word nie.
- Een van die redes waarom Darwin se teorie so ŉ groot impak op die kerk gehad het, is dat dit lyk asof dit ŉ alternatiewe verduideliking gee die idee van ŉ intelligente ontwerper nodig het nie.
- Die meeste ortodokse en konserwatiewe gelowiges dring daarop aan dat hierdie skeppingsmites as werklikhede gelees moet word, want indien hulle onwaar is, kan dit ander oortuigings en leerstellings bevraagteken.

[ENIGE RELEVANTE FEITE MOET GEKREDITEER WORD] (20)

**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5**

Bespreek die volgende konsepte kortliks soos dit in religieuse leer toegepas word:

5.1 **Etiese leringe**

- Etiese leringe is kodes in verskillende godsdienste wat regte en goeie gedrag beheer.
- Die Tien Gebooie in Judaïsme en die Christendom.
- Die wet van onvoorwaardelike liefde in Christendom.
- Die Vyf Pilare van Islam, is almal voorbeelde.
- Baie mense wat nie godsdienstig is nie, volg die etiese leringe wat as die Goue Reël bekend staan.
- Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.

[ENIGE RELEVANTE FEITE MOET GEKREDITEER WORD.] (10)

5.2 **Doktrine**

- Die term "doktrine" is sinoniem vir lering.
- Dit het nie 'n negatiewe konnotasie nie.
- Dit is 'n stel godsdienstige leringe.
- Doktrines is leringe oor godsdienstige oortuigings wat deur godsdienste in koherente filosofiese patrone georganiseer is.
- Byvoorbeeld vroeë Christin doktrines het ontwikkel in verhouding tot die Griekse filosofie van die tyd.
- Die doktrine van Christus as beide God en mens het ontwikkel in verhouding tot die Griekse begrip van natuur en bestaan.
- Doktrines is gewoonlik bindend op navolgersvan godsdienste.

[ENIGE RELEVANTE FEITE MOET GEKREDITEER WORD.] (10)

5.3 **Geloof**

- Geloof is dit wat navolgers as waar beskou.
- Dit bind besondere godsdienstige gemeenskappe en is nou verbonde aan rituele.
- Christendom glo dat die dood en opstanding van Jesus en die gebeure van sy laaste ure gelei het tot die ritueel van die Avondmaal (heilige nagmaal).
- In die Afrika Tradisionele Godsdiens is die geloof in die voorvaders en hul voortgaande rol in die lewens van mense gebou op hul openbaring aan die lewendes.
- Dit kan as 'n sinoniem vir geloof gebruik word.
- Dit kan die aanvaarding van 'n ding, feit, 'n verklaring, ens. beteken.
- Dit kan ook 'n ferm opinie beteken

[ENIGE RELEVANTE FEITE MOET GEKREDITEER WORD] (10)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.4 **Mites**

- ’n Mite is ’n soort heilige teks.
- Dit bevat dikwels historiese en figuurlike materiaal.
- Dit is nie altyd letterlik waar of feitlike weergawes nie.
- Hul intensie is om geestelike waarhede oor te dra.
- Dit word gebruik om die skepping/oorsprong en eindtyd te verduidelik.
- Dit word gebruik om gebeure soos die geboorte en dood van Jesus, Mohammed en Siddharta te verduidelik.
- Dit kom van die woord “Mythos’ wat fabel beteken.
- Dit verwys na godsdienstige stories waarin die waarhede oor die lewe bekend gemaak word.

[ENIGE RELEVANTE FEITE MOET GEKREDITEER WORD] (10)

5.5 **Dogma**

- Dit het twee kante van betekenisse wat relevant in die konteks van godsdiens is.
- Hierdie konsep verwys na ’n beginsel , leer of sisteem soos deur ’n kollektiewe godsdienstige gesag neergelê.
- ’n Dogma het ook ’n bygevoegde konnotasie wat van kollektiewe godsdienstige gesag is.
- Dogma het ’n element van kollektiewe gesag.
- Dit word verteenwoordig deur die kollektiewe gesag soos in goddelike openbaring gevind word.
- Terwyl daar verskillende interpretasies van dogmas in ’n tradisie is, is dogmas meer absoluut.
- Dit word gemagtig deur ’n kollektiewe godsdienstige gesag in die plek van die tradisie en mag as goddelik geïnspireer oorweeg word.
- Daar is nie ’n afsny punt tussen ’n dogma en ’n lering nie (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com